Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 4, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE WYSIE VAN VADER JAKOB

Broeder Andrew, 'n bekende evangelis, het by geleentheid Suid-Afrikaners beskuldig dat hulle 'slaap'; dat Suid-Afrika 'slaap'. In die verhaal *Exodus* skets die skrywer die ontnugtering van die Joodse kinders wat die hel van die Duitse konsentrasiekampe beleef het. Hy merk ook op dat die oorgrootte meerderheid volwassenes meen dat rampe en teenspoed hulle nie sal tref nie maar eerder iemand anders — hierdie Joodse kinders het egter die teendeel belééf. In hierdie twee stellings lê die hele tragiek van die situasie waarin Suid-Afrika hom tans bevind. Tye is besig om te verander: die felheid van die aanslag op Suid-Afrika neem toe maar ons 'slaap', gesus deur die geloof dat die gevaar ver van ons af is — op ons grense maar nie hier bý ons; in ons mooi land waar drinkwater skoon is, waar 'n mens nog vry kan asemhaal en waar witbrood klaar gesny verkoop word nie. Voorwaar, 'n skreiende teenstelling met die beeld van die Joodse kinders wat reeds op 'n jeugdige leeftyd, ontnugter is.

Hoe het hierdie valse illusie of gerustheid waarin menige Suid-Afrikaner vasgevang is, posgevat? Spruit dit uit die verwagting dat die volk se geskiedenis homself soos tydens die Slag van Bloedrivier sal herhaal of het ons so geleidelik aan die aanslag teen Suid-Afrika gewoond geraak, dat ons gekondisioneer is om nie die onderliggende gevaar daarvan te besef nie? Sun Tzu, 'n vroeë klassieke militêre skrywer verkondig reeds in 400 — 320 VC *'Generally in war the best policy is to take a state intact; to ruin it is inferior to this. To capture the enemy is better than to destroy it; to take intact a battalion, a company of five-man squad is better than to destroy them. For to win one hundred victories in one hundred battles is not the acme of skill. To subdue the enemy without fighting is the acme of skill ...* hoe vêr het die vyand al hierin geslaag?

Omdat dit nie altyd moontlik is om die tekens van die tye reg 'te lees' of te vertolk om sodoende 'n klinklare toekomsvoorspelling te waag, wat op sy beurt die geskikte oplossing bied nie, kan ons, ons slegs deur sekere riglyne laat lei. Sun Tzu beweer: *Know the enemy and know yourself; in a hundred battles you will never be in peril. When you are ignorant of the enemy but know yourself, your chances of winning or losing are equal. If ignorant both of the enemy and of yourself, you are certain in every battle to be in peril.*

Uit alle oorde word die publiek gewaarsku teen kommunisme, sy doelstellings en die gevolge as state deur Moskou beheer word. Die publiek word ook telkemale versoek om agterdogtigwekkende persone of gebeure aan die polisie te vermeld — hulle moet dus as die 'oë' en 'ore' van die veiligheidsmagte optree. In plaas hiervan is hulle eerder die informante — onbewustelik — van die vyand. 'Praatjies' of brokkies nuus wat dikwels in belang van die Staat se veiligheid is, word sodoende algemene kennis.

Die wyse waarop dit vermy kan word, is egter nie die hoofsaak van hierdie betoog nie maar wel die tweede gedeelte naamlik om jouself te ken. Dit hang op sy beurt weer saam met die Britse filosoof John Burke se siening dat 'n staat — indirek die publiek — wat nie oor die vermoë beskik om te verander nie, nie oor die vermoë beskik om te oorleef nie. Hy koppel dus oorlewing en verandering.

Wat impliseer die verandering wat Burke bepleit en die selfkennis van Sun Tzu? In hoofsaak is dit 'n goeie insig van jouself as mens en die situasie waarin jy jou bevind.

Goed, ons moet ons vergewis van die huidige situasie en daarooreenkomstig handel maar dit op sigself is nog nie die oplossing nie. Deur positief op te tree, onsself uit ons lui-lekker groef te pluk, en te begin deel in die verdediging van ons land, sal ons nie net ons heimlike vrees, dat alles tevergeef is, op die agtergrond skuif nie, maar sal ons ook besig wees om 'n waardevolle bydrae te lewer. In Rhodesië is bv al etlike pogings van stapel gestuur. So word versnapperinge in feitlik elke dorp deur die plaaslike dames teen 'n geringe tarief aan die soldate verskaf — 'n geringe bydrae wat getuig van samewerking. In Suid-Afrika is samewerking nie so gekonsolideer nie maar pogings soos die Suiderkruisfonds en die Ry-veiligspan is stadig besig om veld te wen. Hierdie pogings is egter slegs tot enkele individue beperk en daarom word hulle vordering gekortwiek. Dit beteken egter nie dat elkeen

Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 4, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

'n 'Helpmekaarplan' of 'Saamstaan' poging van stapel moet stuur nie. Nee, veel eerder dat elkeen na deeglike selfstudie uit sy situasie en omstandighede 'n bydrae moet lewer.

So kan die moeder of eggenote van 'n dienspligte 'n persoonlike bydrae lewer as sy haar seun/man inspireer — ons is mos trots op hulle. Vir baie jong mans is dit 'n unieke geleentheid om homself as man te bewys — gun hulle hierdie avontuur al is daar vrees in u hart. Moet nie agter u 'vrou-wees' skuil en ietwat verwytend of selfbejammerd verwys in jou briewe na al die probleme wat opduik. Beskou dit as jóú geleentheid — al onderskryf jy nie 'Woman's lib' se standpunte nie — om te bewys dat jy alleen die mas kan op kom. (Wie weet, dalk beter?)

Vir die getroude dienspligtige kan kampe soms ontwrigting, hetsy tuis of by werk, tot gevolg hê. Dit is iets waarmee almal tans gekonfronteer word en al klink dit koudbloedig, hoekom moet een persoon ten koste van 'n ander begunstig word?

'n Ander aspek soos sy lang afwesigheid van die huis af, kan ook probleme veroorsaak. Diensplig en selfs grensdiens onderbreek die alledaagse bestaan en sluit selfs die moontlikheid van avontuur in. Aan die eenkant is daar dus 'n element van afwagting maar aan die anderkant 'n skuldgevoel teenoor die eggenote wat tuis die mas moet opkom. In 'n poging om homself te verweer teen hierdie skuldgevoel, breek hy die Weermag se beeld by sy tuiskoms, totaal af. Nie alleen verraai hy dan die kameraderie, die genotdoening om iets daadwerklik in die stryd te kon beteken nie, maar skep hy dan onbewustelik die indruk dat ons Weermag nie kerngesond of in staat is om die aanslag op ons grens die hoof te bied nie.

Laasgenoemde saak is soms ook die geval by die jong dienspligtige. Sy vertolkings van hoe dienspligtiges aangewend word, skep ook die indruk tuis dat hy besig is om sy tyd te vermors. Nie alle dienspligtiges is ewe bereidwillig om hulle take na die beste van hulle vermoëns te vervul nie en daarom kan hulle nie na wense aangewend word nie. Indien hulle hul diensplig as 'n roeping beskou, sal hulle meer doelgerig te werk gaan. Indien een bv as 'n kok in die spysenierskorps aangewend word — die lot geval weinig — en hy voer sy taak na die beste van sy vermoë uit, sal die gehalte van sy mede dienspligtiges se etes verbeter. Dit verskaf op sy beurt 'n gevoel van genoegdoening en skakel 'n oorsaak van ontevredenheid onder dienspligtiges uit. So 'n geringe taak kan dus wel uitkring en veel groter resultate lewer as waarop hulle oorspronklik gereken het.

Ledigheid is die duiwel se oorkussing, maar indien ons saamstaan, saam werk om elk ons persoonlike bydrae te lewer — miskien op 'n wyse wat reeds vermeld is — sal 'n groter bewustheid van die situasie asook 'n vasbereidenheid ontbrand om ons die Israeli's, wat tans nie toegee teen die oormag wat hulle omring nie, ook hiér steeds suksesvol weerstand te bied om sodoende ons erfenis vir ons kindskinders te bewaar.